

- **PREEK**
- **Inleiding**

Gemeente, vandag is die laaste Sondag van koninkrykrykstyding en daarom is dit vandag ook die laaste Sondag van hierdie kerklike jaar.

Volgende Sondag is ons by die eerste Sondag van advent en dan begin die kerklike jaar weer van voor af.

Ons gaan vanoggend lees uit die brief aan die Hebreërs.

Ons gaan by hoofstuk 10 lees.

Die skrywer van die brief, verduidelik in die vorige paar hoofstukke baie deeglik die rol van die hoëpriester in die Joodse godsdiens en dan ook Jesus as die hoëpriester wat namens ons by God optree.

U sal hoor dat ek na die skrywer van die brief verwys, omdat daar nie sekerheid is oor wie Hebreërs geskryf het nie.

Hierdie paar verse vanaf vers 11 tot 25 kan gesien word as die hoogtepunt van die laaste paar hoofstukke en dit is net voordat die skrywer oor die aard van geloof en die geloofshelde skryf.

- **Hebreërs 10:11-25 (2020 vertaling)**

*11. Elke priester staan wel dag vir dag en diens doen, en bring oor en oor dieselfde offers, wat nooit in staat is om sondes weg te neem nie; 12. Maar toe Christus vir altyd een offer ter wille van sondes gebring het, het Hy aan die regterhand van God gaan sit. 13. Sedertdien wag Hy totdat sy vyande 'n voetbank vir sy voete gemaak word. 14. Want deur een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak. 15. Ook die Heilige Gees getuig teenoor ons; want nadat Hy gesê het,*

*16. "Dit is dan die verbond*

*wat Ek ná daardie dae  
met hulle sal sluit, sê die Here:  
Ek sal my wette in hulle harte gee,  
en dit op hulle verstand neerskryf,”*

*sê Hy ook:*

*“Aan hulle sondes  
en aan hulle wettelose dade  
sal Ek glad nie meer dink nie.”*

*18. Waar daar vergifnis hiervoor is, word ‘n offer vir sondes nie meer gebring nie.*

*19. Broers, ons het dus vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom, 20. langs ‘n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die voorhangsel een, dit is deur sy liggaam, 21. en ons het ‘n groot Priester oor die huis van God. 22. Laat ons daarom ingaan met ‘n opregte hart, in volle geloofsekerheid, met ons harte besprinkel, vry van ‘n slegte gewete, en ons liggame gewas met skoon water. 23. Laat ons styf vashou aan die belydenis van wat ons hoop, sonder om af te wyk, want Hy wat die belofte gemaak het, is getrou. 24. Laat ons ons ook daarop toelê om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade, 25. sonder om ons eie samekoms te verwaarloos, soos sommige se gewoonte is; laat ons eerder mekaar aanmoedig, soveel te meer nog namate julle dié dag sien nader kom!*

- **Jesus se koms**

Ek is die afgelope ruk baie onder die indruk van hoe rewolusionêr en anders en wonderlik Jesus se koms na hierdie aarde is.

Ek dink soms ons begryp nie hoe lewensveranderend dit is nie – dalk omdat ons dit al so baie gehoor het.

Ek en my man het die afgelope ruk ‘n TV reeks genaamd *The Chosen* begin kyk.

Dit is 'n TV reeks wat oor Jesus se lewe handel en dit gee 'n baie goeie uitbeelding nie net van Jesus en die dissipels en karakters in die evangelies soos Nikodemus nie, maar dit gee mens ook 'n goeie idee van die wêreld van daardie tyd, hoe dit gelyk en gefunksioneer het, en hoe mense teenoor mekaar opgetree het.

Ek wil nou nie vanoggend bemerking doen vir hierdie reeks nie, maar dit is regtig goed. Met die kyk van hierdie reeks het ek ook weereens besef hoe oppervlakkig my eie verstaan van die evangelie is.

Die dieptepunt van die goeie nuus van Jesus se koms, begryp ek nie aldag nie, miskien omdat dit so anders is wat mens sou verwag.

En miskien is dit ook so omdat ek dit al so baie gehoor het en afgestomp geraak het teenoor die andersheid en radikaliteit van die evangelie.

- **Jong held**

'n Mens sien dikwels in die koerante vandag van mense wat heldedade doen.

Ons sien dikwels koerant opskrifte soos “Jong held red man uit brandende bakkie” of “Jong held help sit sy lewe op die spel.”

Ons samelewing hou van sulke stories – miskien omdat dit ons herinner dat daar nog goed in die wêreld is tussen al die slegte goed wat gebeur.

Die teoloog NT Wright sê dat indien daar in die tyd van Jesus se dood koerante in Jerusalem was, sou daar beslis nie 'n opskrif oor 'n jong held op die voorblaaië gewees het nie.

Toe Jesus van Nasaret die verskriklike dood aan die kruis aan die hand van die Romeinse soldate gesterf het, het niemand gedink dat Hy 'n held is nie.

Niemand het gedink dat sy dood 'n oorwinning is of dat hy 'n martelaar was wie se dood goeie gevolge vir die mensdom sou hê nie.

Dit lê aan die een kant in die aard van die soort dood wat hy gesterf het – die kruis was 'n teken van skande en die dood wat misdadigers en slawe aan onderworpe was.

Aan die ander kant het dit miskien ook nie gelyk of Hy soveel volgelinge gehad het nie.

Hulle het gedink dat die beweging is saam met hom dood en hy het homself teen die magtige Rome vasgeloop.

Rome was goed daarmee om sogenaamde moeilikheidmakers wreed te laat sterf en sulke bewegings in die kiem te smoor.

Wel, dis wat hulle in Jesus se geval ook gedink het.

Behalwe dat die koms van Jesus en die kruis die begin van 'n nuutgemaakte wêreld is.

Toe Jesus se volgelinge na die gebeure van die kruis en die opstanding daarna teruggekyk het, het hulle tot 'n skokkende besef gekom.

Hulle het besef dat die kruisiging van Jesus 'n revolusie (in die goeie sin van die woord) begin het, soos NT Wright skryf.

Jesus se koms, dood en opstanding het die wêreld kom verander.

Niks sou weer dieselfde wees nie.

Goeie Vrydag, wat baie as 'n dag van skande sou sien, is die dag wat die revolusie begin het.

'n Mens sou kon vra, hoekom dink die skrywers van die Nuwe Testament met soveel vreugde terug aan die dood van Jesus?

Waarom het hulle dit as 'n bron van lewe gesien?

Hoekom het die skande van die kruis 'n teken van oorwinning geword?

In kort, omdat Jesus se dood die versoening tussen God en mense en die pad van volkome herstel van God se skepping, moontlik maak.

Daar is baie wat ons oor hierdie goeie nuus kan sê, maar daar is een aspek daarvan waarop ek vanoggend wil fokus.

- **Vrymoedigheid**

'n Predikant vertel een slag dat hy in sy studente dae by Struisbaai stranddienste gehou het.

Hierdie storie resoneer veral met my, want ek was in my eerste en tweede jaar deel van die stranddiensspan op Struisbaai en hierdie storie het met ons ook gebeur.

Hy vertel dat die begin van hulle stranddiensprogram daardie jaar was baie frustrerend.

Hulle kon glad nie strand toe gaan nie en het gesukkel om hulle program aan te bied, want die wind was vir dae lank stormsterk.

Dit was so erg dat hulle dit nie kon waag om hulle tent te los nie, want dit wou net opstyg! Die tentpenne het die hele tyd net uitgeruk.

Hulle het later 'n paar droppers by 'n boer in die omgewing gaan leen, net om die tent heeltemal geanker te kry.

Na 'n week roep die spanleier hulle toe by mekaar en sê dat hulle oor die situasie moet bid, want dit kon nie so aangaan nie.

Hy was baie verskonend daaroor, omdat hy geglo het dat hulle geen reg het om vir God met so iets te pla nie.

Maar hy het gevoel hulle moes darem probeer.

Die predikant wat die storie vertel se hy onthou dat hy destyds nogal verontwaardig gevoel het oor die spanleier se verskonend houding.

Hy het gevoel dat ons nie verskoning moet vra om met ons nood na God toe te gaan nie.

Maar hy sê hy het destyds nie die woorde gehad om sy saak te stel nie.

Die woorde wat hy nodig gehad het, het hy later in Hebreërs 10 ontdek.

*Broers, ons het dus vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom.*

Gemeente, ons almal kry met mense te doen.

Ons het almal (hopelik) mense na wie toe ons met vrye toegang, met vrymoedigheid kan gaan as ons 'n probleem het of 'n klankbord nodig het as jy iets met iemand wil deurpraat.

Daar is mense wat jy so vertrou met jou diepste geheime, weens die aard van die verhouding wat julle het, maar ook as gevolg van wie daardie persoon vir jou is.

Miskien is dit iemand met wie jy al 'n lang pad saamloop en met wie jy goeie vriendskapsband het.

Of dalk is dit 'n familielid, jou ma of pa na wie toe jy met vrymoedigheid kan gaan om jou te help met 'n saak.

En ook nie net altyd wanneer jy probleme wil bespreek nie.

Daar is sekere mense in jou lewe wat jy nou kan bel en sê: sal jy saam met my gaan koffie drink, want ek het nodig om nou met jou tyd te spandeer.

My kind het 'n paar weke gelede 'n erge uitslag gehad.

Ek het haar na ons huisdokter toe geneem – nie omdat ek nie ons pediater vertrou nie – maar omdat ek geweet het dat ons huisdokter, met wie ons al 'n paar jaar al aan saamkom, vir my die probleem sal oplos en die nodige medikasie sal gee om die uitslag te laat opklaar.

Ek het meer vrymoedigheid gehad om na hom toe te gaan, as om die pediater te bel, ook omdat ons haar nog nie goed ken nie.

Die woord wat hier in vers 19 gebruik word wat ons met “vrymoedigheid” of “vrye toegang” of in Engels met “boldness” vertaal, wil iets hiervan kommunikeer in terme van ons verhouding met God.

Die Griekse woord *parresia* wat ons met “vrymoedigheid” vertaal, kom uit die Griekse demokrasie.

In elke Griekse stad was daar vryburgers, slawe en vreemdelinge, maar net die vryburgers het *parresia* gehad.

Dit het hulle toegelaat om aan verkiesings deel te neem, om stadsvergaderings by te woon en aan debatte en besluite deel te neem.

As jy nie *parresia* gehad het nie, was jy van bogenoemde uitgesluit.

Alle vryburgers het hierdie voorreg gehad.

Nou verklaar die skrywer van Hebreërs: ons het ook *parresia*.

Ons kan met vrymoedigheid voor God se troon gaan staan.

Ons het die voorreg om dit te doen, ons mag tot God nader, want Christus het dit vir ons verkry.

En ons almal het dit verkry – jy hoef nie op 'n sekere manier te glo of aan sekere vereistes te voldoen om dit te verkry nie.

As jy glo in Jesus Christus, het jy vrymoedigheid – gee God dit aan jou!

Dit is hoekom die voorhangsel geskeur het toe Jesus gesterf het.

Die voorhangsel wat die allerheiligste van die res van die tempel geskei het en net die hoe priester het een keer 'n jaar toegang daar gehad.

Ons het vrymoedigheid om na God toe te gaan as gevolg van Jesus – nie vanuit onself nie.

Op 'n soortgelyke manier waarop ek vrymoedigheid het om na my huisdokter toe te gaan, as gevolg van wie hy is en die verhouding wat ons al opgebou het, het ons vrymoedigheid om tot God te nader.

Ons kan soveel te meer tot God nader.

Kan ons met ons nood, die kleinste onbelangrike ding wat ons aan kan dink na Jesus toe gaan.

Maar ook die groot goed in ons lewens.

Dit wat vir ons pyn veroorsaak.

Dit wat vir ons vreugde gee.

Dit wat ons in die nag laat wakker lê.

- **Begryp ons dit werklik? Offerstelsel**

Vriende, verstaan ons dit regtig?

Waarom is dit goeie nuus?

Verbeel jou jy is 'n Joodse man of vrou wat in die Ou Testament, ten tye van die tempel, leef.

Jy gaan vandag *weer* tempel toe, *weer* om 'n offer te bring vir jou skuld.

Jy sien *weer* die offerdiere, jy betaal *weer* verhoogde pryse vir 'n geskikte offerdier en dan stap jy vorentoe.

Jy sien *weer* die priesters wat reeds by die altaar staan met ander offerdiere, wat *weer* vir jou en ander se skuld gegee word.

Jy sien *weer* hoe die priester jou offerdier verbrand en hoor *weer* hoe jou skuld vergewe is.

Dan stap jy weg.

Maar *weer* met die gevoel dat alles nog nie heeltemal reg is nie, dat wat hier gebeur het net gedeeltelik was, voorlopig.

Met die wete dat jy waarskynlik *weer* binnekort deur die ritueel moet gaan, want om een of ander rede bly jy sukkel om te doen wat God wil, sukkel jy om Hom te volg. Asof wat God vra net nie wil insink in jou hart nie.

Ook omdat daar so 'n duidelike skeiding tussen jou en God is.

Iemand anders tree namens jou op om die offer te bring – 'n mens net soos ek en jy.

- **Geen gerusstelling nie**

Vanaf hoofstuk 10:11 vertel die Hebreërbriëfskrywer hoe hierdie ou offerstelsel geen finale gerusstelling vir mense kon bring nie.

Hy wys op die duidelike verskil tussen die priesters en offers van die ou verbond en Jesus Christus, die Priester van die nuwe verbond.

Een van die verskille is dat die priester staan en offer, terwyl Jesus sit nadat Hy Homself geoffer het (verse 11-12).

Die priesters se werk moet daagliks voortgaan, terwyl Jesus se werk (sy offer) klaar en afgehandel is.

Die priesters bring daagliks dieselfde offers, oor en oor, offers wat nie werklik effektief is nie.

Jesus het egter net een offer gebring, wat volkome effektief en finaal is.

- **Afgehandelde versoening**

Goeie Vrydag is dus die goeie nuus dat Christus ons wat Hom volg vir eens en altyd volkome met God versoen het.

Die goeie nuus is dat niks verder nodig is nie, dat mens nooit weer deur die herhaling van een of ander offerstorie hoef te gaan nie.

Ons is werklik vergewe en vry is, vir altyd.

Hierdie boodskap kan vir ons so bekend raak, dat ons die radikale aard daarvan mis.

Op 'n eenmalige manier, op 'n Vrydag in Jerusalem, toe almal teen die Gesalfde van God saamgespan en Hom gekruisig het, het God se Gesalfde 'n volkome en finale offer vir ons sonde gebring.

Die geloof in Jesus, wat God in ons werk, is die leë hande wat ons uitsteek om hierdie volkome verlossing te omhels en 'n werklikheid in ons lewens te laat word.

Ons hoef dit nie te verdien nie, dit word gegee.

Ons hoef God nie eers te plesier om dit te ontvang nie.

Ons hoef onself nie eers te verbeter nie.

Ons steek net ons sondige hande uit.

Die skeiding tussen God en mens is weg, want Jesus het ons sonde en dit wat veroorsaak dat ons eintlik vir God moet wegkruip soos Adam en Eva in die tuin van Eden, dit het Jesus met sy bloed en lyding weggewas.



- **Veilige ruimte**

Daarom, liewe gemeente, kan God vir ons 'n veilige ruimte wees.

Daarom kan ons met vrymoedigheid, sonder voorbehoud, na God toe gaan.

Kan ons spreekwoordelik by sy voete gaan sit, of op sy skoot gaan klim soos 'n pa wat sy kind optel, en met God praat.

Ons weerhou onself dikwels daarvan omdat ons dink dat daar soveel voorwaardes is om dit te mag doen.

Ons dink ons is nie goed genoeg nie, of te sondig, of ons kyk na ander gelowiges en verklaar dat as hulle so lewe en hulle verkondig dat hulle Christene is, dan moet God ook so wees en daarom is God nie betroubaar nie.

Ons wil dikwels die skeiding tussen ons en God weer terug sit.

Die skeiding is weg liewe vriende.

Die deur is oop!

Nie oor wie ons is nie, maar oor wie God is en wat God in Jesus kom doen het.

Die vrug van Jesus se volkome offer is dat ons die heiligdom – die teenwoordigheid van God mag betree.

Prof Dirkie Smit verduidelik dat hierdie vrymoedigheid twee betekenisse het.

Aan die een kant het ons vrye toegang tot God – die deur staan oop.

Niks verhinder ons om by God te kom nie.

En dit kom van God self af.

God gee dit vrylik vir ons.

Aan die ander kant, moet ons die vrymoedigheid wat God aan ons as geskenk gee, neem en deur die deur gaan sodat ons in verhouding met God kan leef.

Vir die skrywer van die Hebreër-brief is die eerste betekenis van vrymoedigheid baie belangrik.

Christus self het die deur oopgemaak.

Christus IS ons vrymoedigheid, hy IS die toegang tot God, die hek vir die skape soos wat die evangelie van Johannes verklaar.

Maar die skrywer van Hebreërs moedig ons ook aan om hierdie vrymoedigheid te gebruik.

Dit help veel dat jy 'n goeie verhouding met iemand het as jy nie die vrymoedigheid wat die verhouding jou gee gebruik nie.

Daarom moet die skrywer ons aan om hierdie vrymoedigheid te gebruik in vers 22-25. Vers 22 begin met: Laat ons daarom ingaan...

1. Laat ons daarom tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. As gevolg van wie God is, en nie wie ons is nie.
2. Vers 23, laat ons styf vashou aan die belydenis van ons hoop. Laat ons vashou aan die wete dat Christus die Here is en dat ons dit bely, omdat God getrou is omdat God doen wat God belooft.
3. Daarom kan ons mekaar versorg deur mekaar in liefde en goeie daade aan te spoor.
4. Daarom is dit ook belangrik om hier saam as gemeente, in vrymoedigheid by mekaar te kom. Ja, hierdie jaar met die inperking het dit moeilik gemaak. En dit is gemaklik om daar in jou eie huis die erediens op Youtube te kyk of om die klankgreep op jou eie tyd te gaan luister. Maar liewe gemeente, as ons die vrymoedigheid wat God ons gee gebruik en 'n lewe van dankbaarheid en diensbaarheid wil lewe, dan kan ons nie apart van ons gemeenskap van gelowiges funksioneer nie. Daarom wil ek u aanspoor om weer, wanneer die inperking verby is en die bedreiging van die virus verflou het, moeite sal maak om die Here saam met jou medelowiges te aanbid.

Die vrymoedigheid wat die Here ons skenk, beteken dat die Here ook sien dat ons nie op ons eie sonder God kan aangaan nie.

Ons kan ook nie op ons eie sonder medegelowiges funksioneer nie.

Want is ons is veronderstel om mekaar in die geloof aan te spoor.

Christus het nie net individue kom red nie, maar bind deur sy redding individue saam tot familie van God en familie van mekaar.

Vers 22 tot 26 verklaar daarom dat dit is hoe 'n lewe lyk wat op die Rots, Jesus Christus gebou is.

Dit is 'n lewe in verhouding met God en ander wat deur Christus se finale offer moontlik gemaak is.

'n Volwasse geestelike lewe bestaan uit 1) persoonlike toewyding aan die Here, 2) die aansporing en bemoediging van mekaar as medegelowiges tot liefde en goeie dae en 3) om die gereelde samekomste van die gelowiges by te woon.

Hierdie dinge bevorder ons vrymoedigheid om tot God te nader en ons kan die beloftes wat God vir ons gee, aanneem.

Vrymoedigheid, liewe gemeente, is so noodsaaklik vir ons kontak, verhouding en gesprek met God.

Sonder vrymoedigheid kan ons nie eintlik volg wat Johannes in **1 Johannes 5:14-15** skryf nie: "*En dit is die vrymoedigheid wat ons voor Hom het: Dat Hy ons gebede verhoor as ons iets volgens sy wil vra. En as ons weet dat Hy ons verhoor in alles wat ons vra, weet ons dat ons alles ontvang wat ons van Hom vra.*"

Dit is ook noodsaaklik met ons omgang met mense en die uitdra van die evangelie. Handeling 29:31 sê bv dat Paulus die koninkryk van God verkondig het en die mense van Rome met alle vrymoedigheid en ongehinderd oor die Here Jesus Christus onderrig het.

Ons lees ook op verskeie plekke in die Nuwe Testament dat gelowiges mekaar gedurig met vrymoedigheid aangespoor het.

Liewe gemeente, Jesus mag dalk nie die status van 'n jong held in die oë van Rome of die Joodse leiers gehad het nie.

Maar daardie dag het alles verander.

Niks sou ooit weer dieselfde wees nie, want die skeiding tussen ons en God het verdwyn.

En as Jesus se volgelinge is ons deel van die rewolusie wat daardie dag begin is toe Christus die finale offer gebring het.

Daarom het ons 'n veilige plek in God se ruimte, in God se teenwoordigheid, en kan ons saam as geloofs familie ook vanoggend by God se tafel aansit as mense wat vrye toegang het.

Amen